higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4

(Eerste vraestel)

(5140254)

24 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke (tweetalig en/of verklarend) en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.

GEEN elektroniese woordeboeke mag gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye en 1 addendum.

011Q1J2124

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eerste vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees die hele vraestel en addendum noukeurig deur voor jy die opdragte begin uitvoer.

5. Lees, interpreteer en beantwoord al die vrae aan die hand van die gegewe agtergrond en gebruik alle beskikbare informasie.

6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Jy is 'n finalejaarstudent in Bestuurswese by die Kollege vir Tegnologie in Pretoria. Jy is reeds op die uitkyk vir werk en stel veral belang in 'n navorsingspos wat onder andere die invloed van tegnologie op mense bepaal.

VRAAG 1: PRÉCIS

Jy gaan vir 'n eerste onderhoud by die Maatskappy Vriendelike Tegnologie. Hulle het jou versoek om navorsing te doen oor *die uitwerking van Facebook op 'n gesin.* Jy moet die verslag 'n week voor jou finale onderhoud inhandig vir evaluering.

Jy besluit om Rudie van Rensburg se skets in die ADDENDUM ook te gebruik in jou navorsing. Som die skets op in 100 woorde. Verskaf jou eie nuwe opskrif.

LET WEL: Skryf die opsomming in *indirekte taal*.

UITLEG	INHOUD	TAAL
4	10	6

[20]

VRAAG 2: TELEFOONBOODSKAP

Op die oggend van 3 April 2021 woon jy 'n klas by. Jy vergeet jou selfoon in jou woonstel. Om 09:30 skakel die sekretaresse van Vriendelike Tegnologie om jou finale werksonderhoud te reël vir Dinsdag 16 Mei om 14:30 in die maatskappy se raadsaal. Jou kamermaat antwoord die foon en skryf die boodskap op 'n stukkie papier neer.

Ontwerp 'n eenvoudige vorm vir telefoonboodskappe in jou ANTWOORDBOEK en skryf die boodskap daarin neer.

UITLEG	INHOUD	TAAL
5	5	5

[15]

VRAAG 3: UITNODIGINGSBRIEF

Jy is die voorsitter van die studenteraad se sosiale komitee by Kollege vir Tegnologie. Die Departementshoof vra jou om die jaareindfunksie vir die finalejaarstudente te reël. Jy besluit om mnr Rudie van Rensburg, die skrywer van die skets in die *Tygerburger*, uit te nooi om as gasspreker by die geleentheid op te tree. Die onderwerp is: *Die invloed van sosiale media praat.* Die drag vir die geleentheid is formeel. Die dinee is 'n driegang- buffetete en 'n dans in die ontspanningsaal op die kampus. Na die ete sal daar 'n onthaal wees.

Skryf die uitnodigingsbrief aan die gasspreker.

UITLEG	INHOUD	TAAL
4	15	6

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: DIE ONDERSOEKVERSLAG

Die verslag oor die ondersoek oor *die uitwerking van Facebook op 'n gesin* wat jy geloods het ter voorbereiding vir die onderhoud (VRAAG 1) moet ingehandig word en die sekretaresse van Vriendelike Tegnologie herinner jou daaraan. Deur middel van impromptu onderhoude met medestudente en vraelyste wat jy in die klas uitgedeel het, het jy reeds bevind dat sowat 90% van die respondente voel hulle spandeer te veel tyd op Facebook en dit het 'n negatiewe uitwerking op die gesin. Wetenskaplike artikels wat jy bestudeer het, toon ook aan dat die meeste gebruikers daagliks te veel tyd op Facebook spandeer.



Skryf die ondersoekverslag. Maak gebruik van toepaslike, denkbeeldige inligting.

Gebruik die volgende **uitleg**:

NAAM VAN ORGANISASIE

ONDERSOEKVERSLAG OOR ...

1. Opdrag en doel
2. Ondersoekmetodes
3. Bevindinge
4. Gevolgtrekkings
5. Aanbevelings



UITLEG	INHOUD	TAAL
4	12	4

[20]

VRAAG 5: OMSENDBRIEF

As deel van die organisasie van die jaareindfunksie vir die finalejaarstudente in jou departement moet jy aan alle betrokkenes die nodige inligting verskaf.

Die funksie vind plaas op Saterdag, 8 Augustus, om 19:30 vir 20:00 in die kollege se saal.
Dit sal 'n driegangmaal wees en die drag is formeel.
Die gasspreker is Rudie van Rensburg.



Skryf die omsendbrief.

UITLEG	INHOUD	TAAL
5	10	5

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

So leer 1 204 *friends* die ware Lalie ken

Plek: Huis van Jan en Lalie Louw in die Noordelike voorstede van Kaapstad
Tyd: 13:00
Jan kom ingeloop in die studeerkamer waar Lalie agter die rekenaar sit.
Jan: Gaan ons nie vanaand eet nie?
Lalie: Help jouself gerus. Daar's eiers en brood in die kombuis.
Jan (nors): Dis al wat ek die afgelope week eet.
Lalie (sug): Jan, ek het nie nou tyd om kos te maak nie. Ek's agter met my Facebook-inskrywings. Ek moet 'n klomp goed opsit.
Jan: Al weer! Watse goed die keer?
Lalie: Eerstens verlede week se foto van toe ons op die lughawe was.
Jan: Hoekom? Ons het vir Piet-hulle se vlug gewag. Dis nie nuuswaardig nie.
Lalie: Dit skep die indruk by my 1 204 *friends* dat ons gereeld reis.
Jan (brom): Gee my genade.
Lalie: En dan moet ek nog 'n mooi aanhaling van 'n bekende filosoof soek om te *share*.
Jan: Vir wat?
Lalie: Soms moet 'n mens vir jou *friends* op Facebook wys jy is ook 'n diep denker.
Jan (brom): Gee my genade!
Lalie: En dan wil ek nog spog met die kleinkinders se cum laude-sertifikate by die kunswedstryd.
Jan: Wie stel daarin belang?
Lalie: Dis nie 'n skande om te spog nie. Hulle moet sien ek is 'n trotse ouma. En dan wil ek nog daai oulike foto van Wagter opsit waar hy aan jou pantoffels kou (lag). Ek gaan baie *likes* kry!
Jan (kyk fronsend af): Watse verband het jy om jou kuit?
Lalie: Moet nog 'n foto van my verbinde been opsit.
Jan (verbaas): Dit was g'n 'n wond nie! Dit was 'n klein skrapie van 'n roostak.
Lalie: Op Facebook deel mens ook jou leed met ander. Vir my was dit 'n ernstige wond.
Jan brom: Gee my genade
Lalie: En nou dat jy weer so oor genade brom, laat dit my onthou om my *friends* in te lig oor die genadige reën wat die afgelope tyd hier by ons geval het.
Jan (nors, draai om): Ek gaan nou by 'n *fancy* restaurant iets eet. Ek's honger!
Lalie (opgewonde): Fantasties! Neem net vir my 'n foto van jou kos. Dis belangrik om te wys ons eet ook gereeld uit.

[Rudie van Rensburg – *Tygerburger* – Parow 2018]

Kopiereg voorbehou